

DURBANVILLE SKOOLKOSHUIS

POSBUS 175
DURBANVILLE
7551

QUEENSTRAAT 8
DURBANVILLE
7550



Geagte Ouers / Voogde

Hier volg 'n paar belangrike aspekte waaraan aandag gegee moet word vir die jaar wat voorlê:

Die koshuis open op Sondag **15 Januarie 2022 vir Graad 8-leerders. Graad 8-leerders moet tussen 14:00 en 16:00 by die koshuis aanmeld.** Ouers kan help om leerders se kamers in te rig.

Ons wil graag om 16:00 'n informele verwelkomingsfunksie vir die ouers en die nuwe Graad 8's hou.

Etes sal vanaf die Maandagoggend (ontbyt) aan Graad 8-leerders voorsien word. Ouers/Voogde moet dus asseblief sorg dat leerders 'n kospakkie of sakgeld (om self iets te gaan koop) vir Sondagaand het.

Sien ook die lys van benodigdhede onder aan die skrywe.

Koshuisfooie: (Sien volledige uiteensetting onder).

Die Koshuis se fooie vir volgende jaar (2023) beloop R37 000 per jaar of R3 700 per maand vir tien (10) maande vir weekleerders. Geen betaling word vir die maande van Julie en Desember verwag nie.

Leerders wat naweke in koshuis inbly betaal 'n addisionele R250 per naweek wat 1 bondel wasgoed insluit.

Leerders wat 'n gedeelte van 'n naweek inbly betaal 'n addisionele R150 per naweek.

Wasgoedkoste beloop R50 per bondel.

Adisionele kostes vir naweke en wasgoed MOET vooruit betaal word.

Daar word 'n verpligte, eenmalige breekskade-deposito van R500 van alle leerders vereis. (Sien koshuisbeleid vir meer besonderhede.)

KOSHUISGELDE 2023 (Volledige uiteensetting)

Die Begrotingsvergadering waarop ouers die Koshuisgelde vir 2023 goedgekeur het, is pas afgehandel op Maandag 6 November 2022. U sal herroep dat reeds by die koshuisouervergadering van die derde kwartaal daar aan u kennis gegee is van 'n diverse betalingsmodel wat geïmplimenteer gaan word. Ek deel dus met u die koste soos goedgekeur:

A: Weekverblyf

Leerders wat slegs gebruik maak van koshuisakkommodasie en etes vanaf Maandag tot Vrydag:

Die kostes verbonde om van die volgende akkommodasie en etes gebruik te maak sluit in:

- Maandag ontbyt
- Maandag middagete
- Maandag aandete
- Dinsdag ontbyt
- Dinsdag middagete
- Dinsdag aandete
- Woensdag ontbyt
- Woensdag middagete
- Woensdag aandete
- Dondersdag ontbyt
- Donderdag middagete
- Donderdag aandete
- Vrydag ontbyt
- Vrydag middagete

Die koste per leerder wat begerig is om die volle week in te bly beloop R37 000.00 per leerder per jaar. Hierdie bedrag sluit nie die was van wasgoed in nie.

B: Naweekverblyf

Koshuisleerders wat gebruik wil maak van koshuisakkommodasie en etes vanaf Vrydaemiddae tot Sondagaand:

Die kostes verbonde om van die volgende akkommodasie en etes gebruik te maak sluit in:

- Vrydag aandete
- Saterdag ontbyt
- Saterdag middagete
- Saterdag aandete
- Sondag ontbyt
- Sondag middagete
- Sondag aandete

Indien daar 'n wegwedstryd vir sport of deelname aan kultuur is, kan die betrokke leerder betyds 'n kospakkie in die plek van die middagete bespreek op voorwaarde dat dit korrek en betyds in die register vir die doel gelys is.

Die koste per leerder wat begerig is om die volle naweek in te bly, beloop R250 per leerder per naweek. Hierdie bedrag sluit in een wasgoedbondel per leerder per naweek.

Die koste per leerder wat begerig is om 'n gedeelte van die naweek in te bly, beloop R150 per leerder per naweek (beperk tot Vrydagmiddagete, Vrydagaandete, Saterdagontbyt, Saterdagmiddagete) Hierdie bedrag sluit nie wasgoed in nie.

In beide gevalle sal leerders naweekpakette/koepons moet aankoop en sal reeds teen Dinsdagmiddag by middagete dit diensooreenkomstig moet bespreek in die register vir die doel. Saam met die bespreking sal die leerder reeds sy naweekverblyfpakket/koepon moet inhandig.

Leerders wat naweeketes bespreek, sal hul geld verbeur indien hul nie opdaag vir die bespreekte etes nie, ongeag die rede tot afwesigheid, aangesien die geld reeds spandeer sal wees op die aankope van kosbestanddele.

C: Wasgoedkoste:

Voortaan sal leerders R50 per wasgoedbondel betaal vir wasgoed wat in die week (Maandae tot Donderdae) gewas moet word. Vir die doel sal leerders vooraf wasgoedkoepons moet aankoop wat hul wasgoedbondel moet vergesel. Alle items wat ingehandig word vir was, moet duidelik gemerk word, maar word ook op eie risiko ingehandig.

Leerders wat naweke inbly kan een bondel wasgoed per naweek inhandig waarvan die prys ingesluit is by die naweekverblyf.

D: Breekskadedeposito:

Die breekskadedeposito vir 2023 beloop R500,00 per jaar per kind. Leerders wat slegs R300,00 betaal het, moet dus die aanpassing by betaal by heropening. Indien daar breekskades van u kind verhaal is, moet die bedrag weer aangevul word tot by R500,00. Deposito's word van jaar tot jaar oorgedra. Indien daar fondse oor is van 'n spesifieke leerder se deposito, sal dit aan die einde van sy/haar koshuisloopbaan in die finale koshuisrekening bereken word.

Vir enige verdere navrae kontak my gerus.

Mnr. C. Faber
cfaber@durbanvillehs.co.za

Mnr. C. Faber

DURBANVILLE KOSHUIS: BANKBESONDERHEDE

BANK: ABSA BANK (DURBANVILLE)
TAKKODE: 334-810
REKENING NO: 14-1015-5075
E – pos: yvermeulen@durbanvillehs.co.za

NB: E-pos asb. die depositostrokie met leerder se naam as verwysing aan ons

Koshuisbenodigdhede

1. **Slotte vir jou kas (x2).**

2. **Beddegoed:**

Duvet - inner, kussing, kussingsloop, paslaken, duvet-oortreksel.

3. **Skoolklere dogters: (Alle klere móét gemerk wees)**

5 Skoolhemde (dogters met wapen)

2 Skoolrompies

5 pare sokkies

2 pare winterskouse

Skoolbaadjie en reënbaadjie

Skoolskoene (swart), politoer en borsel

Skoolsweetpak

LO-klere

Sportklere

4. **Skoolklere seuns:**

5 Skoolhemde

2 kort grysbroeke – somer

2 langbroeke – winter

5 pare kouse

Skoolbaadjie en reënbaadjie

Skoolskoene (swart) politoer en borsel

Skoolsweetpak

LO-klere

Sportklere

5. **Civvies**

Nagklere, gemaklike T- hemde, tekkies, plakkies, gewone klere.

6. **Toiletware**

Badhanddoek en gesighanddoek, velsorgreeks, seep, tandeborsel, tandepasta, sjampoe, deodorant

7. **Sambreel**